KLK LANDBOU BEPERK / LIMITED
✉ Posbus / PO Box 86, Upington, 8800
Epos / e-mail: admin@klk.co.za
☎ 054-337 6200
🖷 054-332 4580

Registrasie / Registration: 1997/015589/06
Karakoelstraat 14 / Karakoel Street, Upington, 8801
Web: www.klk.co.za
🖷 086-550 0244

KLK Landbou Beperk
Reg.nr. 1997/015589/06

Die finansiële jaarstate is ooreenkomstig die Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde (IFRS), die Maatskappywet, 71 van 2008, die historiese kostegrondslag en op die grondslag van 'n lopende onderneming opgestel. Daar was geen verandering in beleid of interpretasie toegepas deur die Groep, sedert die vorige tydperk, wat 'n wesenlike impak op die Groep se resultate of finansiële posisie het nie.

Winsaankondiging van die Groep vir die Jaar geëindig 29 Februarie 2024

Die **Inkomste** van R3 032,8 miljoen verteenwoordig 'n 0.8%-groei vergeleke met die vorige jaar.

Die **verdienste** van R60,6 miljoen verteenwoordig 'n 38.4%-verlaging vergeleke met die vorige jaar. Die wesensverdienste per aandeel het vanaf 527 sent per aandeel tot 259 sent per aandeel afgeneem.

Die skerp daling in winsbydraes van die Handelsafdeling en Carpe Diem Raisins as gevolg van 'n laer vraag in die internasionale mark en die kleiner oes het hoofsaaklik bygedra tot die swakker finansiële resultate.

Die Brandstofafdeling het as gevolg van beter marge aanpassing en regulatoriese prys beter presteer. Die Vleisafdeling het beter presteer as die vorige jaar as gevolg van wesenlike hoër slaggetalle. SA Dorper het beter as die vorige jaar presteer weens hoër velverkooppryse vir die beter kwaliteit velle.

DIREKTEURE / DIRECTORS :
JS Marais (Voorsitter/Chairman), JPN Stander (Vise-Voorsitter/Vice-Chairman), C du Plessis (Besturend/Managing), CR Klingenberg, VJ Klein, JPT Koen (Finansiële/Financial), AR Kotzé, JDM Minnaar, GC Olivier, F Strydom

Maatskappysekretaris/Company Secretary: G Marquard.

Finansiële Hooftrekke		**2024**	**2023**	**%**	
Inkomste	(R'm)	**3 032,8**	3 008,9	**0.8**	↑
Wins voor belasting	(R'm)	**101,6**	155,3	**32.8**	↓
Bedryfswinsmarge	(%)	**3.4**	5.2	**38.3**	↓
Verdienste	(R'm)	**60,6**	98,4	**38.4**	↓
Basiese verdienste per aandeel	(sente)	**353.6**	574.3	**38.4**	↓
Wesensverdienste per aandeel	(sente)	**259.0**	526.7	**50.8**	↓
Netto toename/(afname) in bank en kontant	(R'm)	**(7,3)**	(37.3)	**80.4**	↑
Dividend per aandeel	(sente)	**-**	-	**100**	**-**
Netto batewaarde per aandeel	(sente)	**4 082**	3 797	**7.5**	↑

Die **Groepsinkomste** het met 0.8% gestyg tot R3 032,8 miljoen, hoofsaaklik as gevolg van die styging in KLK Handel, Build It se verkope en styging in die slaggetalle het aanleiding gegee tot beter slagkapasiteitsbenutting by Upington- en Carnarvon Abattoirs en dus die hoër inkomste.

Kontantvloei uit bedryfsaktiwiteite was positief met R171,6 miljoen nadat netto bedryfskapitaal met R92,2 miljoen afgeneem het en belasting van R27,6 miljoen betaal is.

Aanleg en toerusting van R114,4 miljoen is aangekoop. Die verkryging van die oorblywende nie-beherende belang (20%) in Carpe Diem Raisins vir R75 miljoen is gedurende die jaar afgehandel. Die opbrengs met die verkoop van bates en eiendom van R26,1m is ontvang.

Die netto resultaat van bogenoemde was dat die kontantposisie van die Groep met R30,1 miljoen verbeter het vanaf R37,3 miljoen negatief tot R7,3 miljoen negatief.

Moeilike omstandighede vereis dat bestuur die kapitaal allokasie van die onderneming met hernieude fokus evalueer, asook die bestuur intervensies wat die onderskeie divisies effektief navigeer deur hierdie uitdagings.

Die 2024 seisoen is gekenmerk deur 'n meer normale rosyntjie oes, wat volumes en kwaliteit betref. Carpe Diem Raisins kon daarin slaag om 'n volume van 19 400 ton in te neem, wat 'n goeie verbetering is op die 2023 inname van 14 500. Turkye, wat die wêreld rosyne mark oorheers (wat volume betref) het in 2023 bo-gemiddelde reënval ervaar. Die resultaat was 'n drastiese vermindering in die Turkse oes van 340 000 ton na 260 000, wat die vraag na rosyne wêreldwyd verhoog het. Dit het weer 'n positiewe invloed op die verkoop- en rou materiaal pryse van rosyne in Suid Afrika. Bykans die totale inname van Carpe Diem Raisins vir 2024 is reeds gekontrakteer en die vooruitsigte vir 2025 lyk ook belowend met 'n laer Turkse oesskatting vir 2024 a.g.v. donsskimmel (soortgelyk aan wat Suid Afrika in 2022 en 2023 ervaar het). Met die sterk vraag na Suid Afrikaanse rosyne, 'n daling in verskepingskoste en 'n verhoging in logistieke kapasiteit, is die vooruitsigte vir 2025 finansiële jaar baie positief.

Sektore met blootstelling aan Suid Afrikaanse verbruikersbesteding gaan egter steeds 'n uitdagende bedryfsklimaat in die afsienbare toekoms ervaar as gevolg van impak van hoë rentekoerse. KLK Handel, KLK Petroleum en Build-it het veral 'n groot blootstelling aan die Suid Afrikaanse verbruiker en die impak van gedempte verbruikersbesteding word reeds in hul finansiële resultate verdiskonteer.

Die Direksie het besluit om geen dividend aan te beveel nie omrede kontantreservering noodsaaklik bly vir moontlike geleenthede in die landbou en om KLK se groei- en uitbreidingstrategie te ondersteun.

’n Opsomming van die geouditeerde finansiële resultate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024 is hierby aangeheg en op KLK se webtuiste onder “Finansiële resultate” beskikbaar.

Die finansiële jaarstate sal gedurende die Algemene Jaarvergadering van Aandeelhouers, wat gehou sal word by KLK se Hoofkantoor op Maandag 26 Augustus 2024, vir goedkeuring voorgelê word.

DIREKTEURE: JS Marais (Voorsitter), JPN Stander (Vise-voorsitter), VJ Klein, AR Kotzé, CR Klingenberg, JDM Minnaar, GC Olivier, F Strydom, C du Plessis (Besturende Direkteur), JPT Koen (Finansiële Direkteur).

Maatskappysekretaris: G Marquard

GEREGISTREERDE KANTOOR:
Karakoelstraat 14, Upington 8801
Posadres: Posbus 86, Upington 8800
Telefoon: 054 337 6200
Webwerf: www.klk.co.za

Datum: 29 Julie 2024

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024

Staat van Finansiële Posisie

	2024 R'm	2023 R'm
Bates		
Nie-bedryfsbates		
Eiendom, aanleg en toerusting	444,9	357,5
Reg op gebruik van bates	4,6	12,5
Beleggingseiendom	1,1	1,1
Klandisiewaarde	32,0	32,0
Uitgestelde belasting	-	-
	482,6	**403,1**
Bedryfsbates		
Bates geklassifiseer as gehou vir verkoop	-	7,1
Voorraad	447,1	461,0
Handels- en ander debiteure	243,3	331,3
Bedryfs belasting bate	6,5	-
Kontant en kontantekwivalente	23,9	16,7
	720,8	**816,1**
Totale bates	**1 203,4**	**1 219,2**
Ekwiteit en aanspreeklikhede		
Ekwiteit		
Aandelekapitaal	16,1	16,1
Ander reserves	(29,5)	(19,7)
Verdeelbare reserwes	714,5	653,9
	701,1	**650,3**
Buiteaandeelhouersbelang	72,2	122,4
	773,3	**772,7**
Nie-bedryfslaste		
Uitgestelde belasting	28,4	31,3
Langtermynlenings	26,1	1,3
Huurverpligting: Reg op gebruik van bates	3,2	11,3
Uitgestelde staatsubsidie	9,4	11,7
	67,1	**55,6**
Bedryfslaste		
Bankoortrekkings	31,1	54,0
Korttermyngedeelte van langtermynlenings	3,1	3,5
Korttermyngedeelte van Huurverpligting: reg op gebruik van bates	1,9	4,8
Korttermyngedeelte van uitgestelde staatsubsidie	2,3	2,3
Bedryfs belasting las	4,2	-
Handels- en ander krediteure	320,4	326,3
	363,0	**390,9**
Totale ekwiteit en aanspreeklikhede	**1 203,4**	**1 219,2**

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024

Staat van Omvattende Inkomste

	2024 R'm	2023 R'm
Verkope	3 031,9	3 008,9
Koste van verkope	(2 605,0)	(2 535,3)
Bruto wins	**426,9**	**473,6**
Ander inkomste	57,4	36,0
Uitgawes	(359,5)	(353,1)
Voorsiening vir verwagte krediet verlies	(20,4)	(1,2)
Bedryfswins	**104,4**	**155,3**
Beleggingsinkomste	5,3	3,5
Finansieringskoste	(8,1)	(3,3)
Wins voor belasting	**101,6**	**155,5**
Inkomstebelasting	(26,0)	(38,8)
Wins na belasting	**75,6**	**116,7**
Ander omvattende inkomste	-	-
Totale omvattende inkomste	**75,6**	**116,7**
Totale omvattende inkomste toeskryfbaar aan:		
Eienaars van die houermaatskappy	60,6	98,4
Buiteaandeelhouersbelang	15,0	18,3
	75,6	**116,7**

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024

Staat van verandering in Ekwiteit

	Ander reserwes Ander reserwes R'm	Aandele-kapitaal R'm	Reserwes R'm	Totaal R'm	Buite aandeel-houersbelang	Totale Ekwiteit R'm
Saldo op 1 Maart 2022	**(12,1)**	**16,1**	**555,5**	**559,5**	**98,6**	**658,1**
Aandele teruggekoop	-	-	-	-	-	-
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	98,4	98,4	18,2	116,6
Change of interest in subsidiary	(7,6)	-	-	(7,6)	7,6	-
Dividende	-	-	-	-	(2,0)	(2,0)
Saldo op 1 Maart 2023	**(19,7)**	**16,1**	**653,9**	**650,3**	**122,4**	**772,7**
Totale omvattende inkomste vir die jaar	-	-	60,6	60,6	15,0	75,6
Verandering in belang van filiale	(9,8)	-	-	(9,8)	(65,2)	(75,0)
Saldo op 29 Februarie 2024	**(29,5)**	**16,1**	**714,5**	**701,1**	**72,2**	**773,3**

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024

Staat van Kontantvloei

	2024 R'm	2023 R'm
Kontant uit bedryfsaktiwiteite		
Kontant gegenereer deur bedrywighede	202,0	(27,3)
Beleggingsinkomste	5,3	3,5
Finansieringskoste	(8,1)	(3,3)
Belasting betaal	(27,6)	(39,4)
Netto kontant uit bedryfsaktiwiteite	**171,6**	**(66,5)**
Kontantvloei uit beleggingsaktiwiteite		
Verkryging van eiendom, aanleg en toerusting	(85,5)	(66,0)
Verkryging en verhoging van belang in filiale	(75,0)	-
Verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	26,1	14,3
Netto kontant uit beleggingsaktiwiteite	**(134,4)**	**(51,7)**
Kontantvloei uit finansieringsaktiwiteite		
Staatsubsidie ontvang	-	4,9
Verkryging (terugbetaling) van langtermynlenings	(4,8)	(3,3)
Betaling van huurverpligting	(2,3)	(4,1)
Dividende betaal	-	(2,0)
Netto kontant uit finansieringsaktiwiteite	**(7,1)**	**(4,5)**
Totale toename (afname) in kontant en kontantekwivalente vir die jaar	**30,1**	**(122,7)**
Kontant en kontantekwivalente op hande aan die begin van jaar	(37,3)	85,4
Kontant en kontantekwivalente op hande aan die einde van jaar	**(7,2)**	**(37,3)**

KLK Landbou Beperk
(Registrasienommer 1997/015589/06)
Gekonsolideerde Finansiële Jaarstate vir die jaar geëindig 29 Februarie 2024

Wesensverdienste

	2024 R'm	2023 R'm
Toeskryfbare wins	60,6	98,4
(Wins)/Verlies met verkoop van bates	(18,0)	(8,2)
Billikewaarde-aansuiwerings	1,8	0,1
Wesensverdienste vir die tydperk	**44,4**	**90,3**

Finansiële Hoogtepunte en Statistiek

		2024	2023
Aantal gewone aandele uitgereik	'000	17 128	17 128
Geweegde gemiddelde aantal gewone aandele uitgereik	'000	17 128	17 128
Basiese verdienste per aandeel	(sent)	353,6	574,3
Wesensverdienste per aandeel	(sent)	259,0	526,7
Netto batewaarde per aandeel	(sent)	4 082,1	3 797,0